SLINGERVEL

September 2018

Christelike maandblad vir die jeug

SLINGERVEL, JAARGANG 60
Nommer 1002, Oktober 2018

As julle enige vrae het, iets wat jy nie verstaan nie, of oor iets wat in die Slingervel geskryf is, meer wil weet, is julle baie welkom om vir my

- ⇨ 'n sms te stuur of te whatsapp na 084 551 2107,
- ⇨ of 'n e-pos te stuur na slingervel@gksa.co.za,
- ⇨ of 'n brief te stuur na Posbus 88, Bloemhof 2660

in hierdie uitgawe ...

3 Redakteursbrief
4 Verjaardaghoekie
7 Het jy geweet?
8 Geloofshelde - Blokkiesraaisel
9 Geloofshelde - Woordsoek
10 Soek die verskille
11 Inkleurprent
12 Spaar ons wilde diere! (2)
14 Die sewende gebod
15 Oplossings: Blokkiesraaisel, Woordsoek, Soek die verskille
16 Op hierdie dag in Oktober ... Halloween
18 Wat kan ek lees?

REDAKTEUR
Dr. Hennie van Wyk
e-pos: hennie@gksa.co.za

Tipografie en uitleg
Joey Fourie
e-pos: kerkblad@gksa.co.za

MEDEWERKERS
Maryke Coetsee
Susan Lourens
Oom Hennie
Oom Attie Venter

Eienaars en uitgewers
Deputate vir Kerklike Tydskrifte
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Posbus 20008, Noordbrug 2522

Drukkers
V & R Drukkery
Tel. 012 333 2462
ludick@vrprinting.co.za

Intekening
Administratiewe Buro
Afdeling Publikasies
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel: 018 297 3986

Intekengeld
R319,00 per jaar
(posgeld en BTW ingesluit)
R115, 00 per jaar
(elektroniese intekening)

Die Redakteur
Bydraes en briewe
Posbus 20008
Noordbrug, 2522

Jaargang 60,
Nommer 1002
Oktober 2018

ISSN 0037 685 X

REDAKTEURSBRIEF

Liewe maats

Het jy al ’n keuse moes maak tussen twee dinge wat jy nie wil doen nie? Byvoorbeeld: Sê nou jy moet kies om die hele dag vloere te was, of om die hele dag detensie in die skool te sit. Jy moet een van die twee kies! Wat bepaal wat jy gaan kies? ’n Mens sal uiteindelik kies watter een van die twee die minste sleg vir jou gaan wees.

Nou weet ek nie of jy al “The amazing race” op TV gekyk het nie. Daar het die deelnemers ook dikwels ’n keuse tussen twee take. Dit gebeur dan dat hulle die een kies en glad nie regkom met hulle keuse nie, en dan die ander taak kies.

Dan moet ’n mens soms kies tussen wat reg en wat lekker is. Ons lees daarvan in die Bybel: Jesus vertel van die twee seuns vir wie die pa gesê het om in sy wingerd te gaan werk. Die eerste het gesê hy sal gaan werk en die tweede nie. Maar uiteindelik doen hulle die teenoorgestelde. Kom ons kyk na die keuses wat hulle gemaak het:

- Die eerste seun het, toe sy pa sê om te gaan werk, die regte antwoord gegee wat sy pa tevrede sou stel. Toe kies hy: Gaan ek doen wat lekker is, of gaan ek doen wat reg is? Die regte keuse sou wees om te gaan werk. Die lekker keuse sou wees om te gaan speel. Hy kies die lekker keuse.
- Die tweede seun het, toe sy pa sê om te gaan werk, die verkeerde antwoord gegee. Toe kies hy: Gaan ek doen wat lekker is, of gaan ek doen wat reg is? Die regte keuse sou wees om te gaan werk. Die lekker keuse sou wees om te gaan speel. Hy kies die regte keuse.

Nog ’n voorbeeld – Sondagoggend: Gaan ons kerk toe of vis vang? Baie mense het al vir my gesê: “Ek sit eerder by die viswater en dink aan die kerk as wat ek in die kerk sit en dink aan die viswater …” En my antwoord was altyd: “Met watter keuse sal die Here tevrede wees?”

Baie keer sê mense: “Bid oor die saak …” Dis baie maklik om dit te sê, en dan bid ons en kry nie dadelik ’n antwoord nie en doen dan maar wat ons wil … Foutjie! Kom ons vat weer die voorbeeld van kerk of visvang. Die Here het, nog voor ek bid, reeds die antwoord gegee in die Bybel! Ons moet nie wegbly van die erediens nie. My ouma het altyd gesê: “Fienies en klaar.”

Ons moet baie mooi oppas dat ons nie die Here se toestemming vra om die verkeerde te doen nie. Hy sal nooit iets goedkeur wat Hy verbied nie. Fienies en klaar.

Nou ja – sien julle volgende maand! SV

Oom Hennie

Die sewende gebod



Maats

Daar is mos iemand spesiaal in die skool of die kerk. Iemand wat jou so 'n snaakse gevoel gee, hier êrens rondom die maag. Jy kan en wil vir niemand daarvan sê nie – want dit laat jou so snaaks voel …

Die Here het ons so gemaak! Lees weer in Genesis 1. Voordat die mens sonde gedoen het, het God die mens gemaak – dieselfde en verskillend. Dieselfde, want ons is mense. Verskillend, want daar is mans en vrouens, seun en dogters.

Deel van grootword is dat ons op 'n stadium behoort te trou. Deel van trou is dat die Here vir pappas en mammas kinders gee. Soos jy 'n kindjie van jou mamma en pappa is.

Nou dink ek nie jy dink al aan trou nie! Dogters is anders as seuns … kyk maar hulle ogies as hulle 'n boek deurkyk met trourokke in … Hulle dink nie wie die man gaan wees nie, maar trourokke!

Tog moet ons een of ander tyd 'n troumaat kry, en ook daarvoor berei die Here ons voor. Dit begin by daardie gevoel waarvan ek gepraat het. Op 'n stadium vra 'n seun 'n meisie om sy meisie te wees. Hier begin twee dinge: eerstens die saam-wees om te kyk wat die ander persoon doen, waarvan mens saam hou en waarvan ons nie hou nie. Die tweede ding wat gebeur, is dat dit 'n toets is vir die sewende gebod: As ek vas uitgaan, is daar dalk iemand anders na wie ek kyk? Dink bietjie mooi waaroor baklei seuns en meisies die meeste: as jy dink dat jou ou of meisie iemand anders het! Hierdie geveg hou aan tot mens oud en getroud is, en selfs daarna. Die meeste van die kere is dit ook waarom grootmense skei!

Egskeiding is sonde! Daarom moet ons mooi dink voor ons trou en met die regte persoon trou. Maar wie? As ons mooi kyk en die hele Bybel deurlees, is daar net twee dinge wat die Here sê as ons iemand moet kies om mee te trou: 'n gelowige en iemand van die teenoorgestelde geslag:

- Die gelowige, want die Here laat sy kerk groei met elke babatjie wat gebore word. Verder – as mammas en pappas dieselfde glo, gebruik hulle die Here se Woord om saam te leef en kinders groot te maak.

- Teenoorgestelde geslag, want die Here gee gewoonlik eie babatjies aan man en vrou saam.

Ek weet nie met wie jy gaan trou nie. Die Here plaas jou by ander gelowiges en 'n mens moet maar mooi kyk wie die Here na jou stuur. SV

Tannie Maryke

OP HIERDIE DAG IN OKTOBER …

"Halloween" – Allerheiligeaand

31 Oktober is die dag waarop Halloween (of in Afrikaans, Allerheiligeaand) gevier word. Vandag sien ons baie mense in Suid-Afrika wat hierdie "fees" net soos die Amerikaners vier, en probeer om soos die Amerikaners te wees. Maar baie van hulle weet nie regtig wat die ware betekenis van Halloween is nie. Mens sien Halloween-vieringe gereeld op Amerikaanse TV-programme, maar tradisioneel is dit glad nie iets waaraan ons as Suid-Afrikaners al ooit baie waarde geheg het nie. Ek dink meeste mense volg maar net slaafs dié vieringe omdat dit so opwindend lyk op TV.

DS. DANIE POTGIETER van die Geref. Kerk Rietvallei, gee vir ons waardevolle inligting en duidelike antwoorde oor Halloween. Om mooi te weet wat reg en wat verkeerd is, is 'n goeie wapen om jou te beskerm teen slegte dinge, so lees hierdie stukkie van ds. Danie mooi deur, bêre alles veilig in jou slim brein en vertel ook vir al jou maats van die ware betekenis van 31 Oktober – Halloween.

Halloween-partytjies en -vieringe

Hierdie fees word vandag al hoe meer in Suid-Afrika gevier. Skool- en werkpartytjies word rondom dié tema gehou, jy word uitgenooi om aan te trek soos jou gunstelingmonster of -spook, en winkels verkoop allerhande lekkers en bykomstighede om by die *Halloween*-tema te pas. Is hierdie net onskuldige pret soos enige ander maskerbal of maak jy 'n deur vir allerhande bose en slegte dinge oop? *Kom ons kyk eers waar kom Halloween vandaan … Hoekom trek mense snaaks aan en deel lekkergoed uit?*

Dit het alles in die Middeleeue begin in die Keltiese godsdiens onder die druïde (Keltiese priesters) wat *Samhain*, die "Fees van die Dooies", asook hulle Nuwejaarsfees gevier het. Tydens hierdie fees is daar geglo dat die skeiding wat daar is tussen die doderyk (waar hulle geglo het alle mense wat dood is, bly) en die mense wat nog leef, die dunste is op 31 Oktober. Daarom kan van die dooies oorkom aarde toe, saam kom feesvier en tussen die gewone mense rondloop.

Dit mag dalk ongelooflik klink dat iemand dit sal glo, maar in godsdienste vandag nog – soos Satanisme, Wicca en ander New Age-groepe – word dit as die belangrikste godsdienstige dag gesien, met seremonies en grillerige feeste saam met bose geeste.

Hoekom dra mense dan kostuums en maskers op Halloween?

Persone het destyds kostuums en maskers aangetrek sodat die dooies of spoke wat op die aarde tussen die mense rondloop, hulle nie sal herken nie en sal dink dat hulle een van die spoke of geeste is.

Hoekom "trick or treat"?

Kos, en later lekkers, is uitgesit saam met 'n kers wat heelnag moes brand sodat hierdie geeste saam kon feesvier en nie iets slegs in die mense se huise laat gebeur nie. Later het bedelaars en arm mense van huis tot huis gegaan en gevra vir iets om te eet ("treat") en om 'n gebed vir die dooies en geeste van die huis te doen. Indien hulle dan nie iets gekry het nie, het hulle in plaas van 'n seëngebed, 'n vloek oor daardie huis uitgespreek ("trick").

Hoekom uitgeholde pampoene met kerse ("jack-o'-lanterns")?
Aanvanklik het die druïde rape uitgehol en 'n kers daarin gebrand wat die geeste voorgestel het. Hulle het dan met hierdie kerse rondgeloop. Toe die Ierse setlaars hulle gevestig het in Amerika, was pampoene meer volop en makliker om uit te hol.

Hoekom die naam *Halloween*?
Die vroeëre kerk het baie van die ongelowige feeste vervang met Christelike feeste en vier daarom "All Saints' Day" of "All Hallows' Day" op 1 November. Dié feesvieringe het destyds al op die vorige aand begin en toe word daarna verwys as "All Hallows' Eve" wat later *Halloween* geword het.

Mag ek as Christen aan *Halloween*-partytjies en -vieringe deelneem?
Alhoewel meeste van vandag se *Halloween*-feesvieringe glad nie 'n godsdienstige fees is nie, mag 'n Christen nie deelneem daaraan nie, want die skakel met alles wat sleg is, is te groot. Dit was en bly steeds 'n fees van die bose en ongelowiges. Hou eerder op 'n ander tyd 'n lekker werk- of skoolpartytjie wat geen skakel met enige van hierdie slegte dinge het nie.

Jesus het ons volkome gered; daar is geen mag of krag in die hele skepping, selfs bose geeste, wat ons van die liefde van Jesus kan skei nie (Rom. 8:37-38). Ons moet egter nie met "vuur" speel en ons vryheid in Jesus misbruik nie. Ons Christelike lewe moet gesien word as lewende, heilige offers wat vir die Here goed en aanvaarbaar is (Rom. 12:1). Gebruik dus jou vryheid om die Here te loof en eer in alles wat jy doen (1 Kor. 10:31). Kom ons vier eerder die mooi en goeie dinge van ons geloof in Jesus. SV